

Donderdag 21 Januarie

Skrifgedeelte: Deuteronomium
4:1-8

Fokusgedeelte: Deuteronomium
4:6

Gehoorsaamheid as 'n getuienis tot eer van God

Dit is nie die eerste keer dat die volk Israel hierdie opdrag van die Here ontvang nie. Hierdie is 'n hernude oproep wat weereens dringend tot die hele volk gemaak word. Hulle moet die wil van God, presies soos Hy dit aan hulle bekendgemaak het, gehoorsaam. Dit is nie vir hulle om in eiewilligheid te bepaal wat hulle maar kan los (wegneem) of wat hulle volgens eie goëddunke op 'n eie manier wil doen (byvoeg) nie.

Die ware geloof bou nie op menslike kreatiwiteit en inisiatief nie, maar berus op Goddelike openbaring. God het lankal reeds Self bepaal hoe Hy die lewe bedoel het om te wees en Hy het sy wil hieromtrent reeds duidelik aan sy volk geopenbaar. Die Here is ook baie ernstig oor hierdie saak, want sy duidelike opdrag kom met 'n belofte van seën vir gehoorsaamheid, maar ook met 'n baie duidelike waarskuwing van straf as hulle ongehoorsaam is. Hulle het dit ook reeds prakties ervaar (vs 3).

Dit gaan egter op die ou einde nie maar net oor 'n geestelike lewe wat tot voordeel van God se volk is nie. Dit gaan oor 'n duidelike getuienis wat – vanuit die midde van God se volk – tot die hele wêreld moet spreek en wat uiteindelik daar opgerig is om God te verheerlik. Die Here het nie die volk Israel uitgekies om hulle in hierdie wêreld te bederf as hulle reg lewe nie, maar om deur hulle regte lewe (in gehoorsaamheid aan God) 'n getuienis – tot die eer van sy Naam – in hierdie wêreld te vestig.

Die nuwe lewe, wat ons genadiglik van God in Jesus Christus ontvang, is deur die kragtige werking van die Heilige Gees bedoel om 'n getuienis te wees (oor hoe God die lewe bedoel om te wees) tot by die uithoeke van die wêreld. Dit gaan nie oor hoe ons eie godsdienstige kreatiwiteit moet verseker dat ons die Here se seën sal ontvang nie, maar hoe gehoorsaam ons is om sy Naam te verheerlik (as 'n getuienis) voor die aangesig van die hele mensdom.

Sing: Psalm 97-1:1, 7

Prof. IW Ferreira (Naas) (Teologiese Skool Potchefstroom)